

WEEKBRIEF

12 Maart 2012

Liewe Muis-gesinne,

Ons het die Vorms-tema Vrydag met ‘n vrolike bak-en-brou afgesluit en die muise het sowaar die vorms wat hulle gemaak het geëet. (Al ooit gewonder wat konkrete leer is ?!)



Die volgende tema handel oor BOEKE. Ons praat oor die maak en versorging van boeke asook die verskillende tipes boeke en stories. Dit is ‘n week van baie stories en gesels. Joshua se mamma het vir die muisklas ‘n groot aantal boeke geskenk. Baie dankie Marie, ons waardeer dit baie - dit pas uitstekend in by ons tema. Ons muise kry nou die voorreg om, met nuwe boeke, te leer hoe om boeke op te pas en te gebruik.

Elke muis gaan hierdie week sy/haar eie boek maak. Die week se werkies sal dus alles gelyktydig teen die einde van die week huistoe gaan.

Die Groot Boek sal ook ter sprake kom met die vertel van elke Bybelverhaal. Ons konsentreer op Jesus se Wonderwerke.

Juffie Joekie van die groot skool verjaar Dinsdag en ons wens haar ‘n voorspoedige lewensjaar toe.

Vroeë diens word deur juffie Elra van die Krimpvarkieklas gedoen. Sy sal al die vroeë opstaaners daar verwelkom.



Geniet die week en lees gerus vir elke muis ‘n ekstra storie gedurende die week.
Muisgroete,
Juffie Frances.

As ‘n kind met aanvaarding en vriendskap leef, leer hy om liefde in die wêreld te vind

Puku=boek Dipuku=boeke

Puku ye kgolo= groot boek

Puku ye nnyane=klein boek

Nonwane=storie

Letlakala=bladsy Matlakala=bladsye

MmaLulu